

BYLAE A  
(PSA/1)

## 'N ONDERSOEK NA DIE SPORTWETENSKAP EN DIE PROFESSIONALISERING VAN SPORTAFRIGTING IN DIE RSA

Vraelys aan die Presidente/Voorsitters van Nasionale sportlig-  
game (PSA/1)

Sportsoort: \_\_\_\_\_

### 1. INLEIDING

Sekere aspekte met betrekking tot sportafrigting is nie deur die RGN-sportondersoek (1982) gedek nie. Ten einde dus die relevante inligting ten aansien van die genoemde onderwerp te verkry, is hierdie vraelys opgestel en aan kundiges besorg. Ek vertrou dat dit vir u moontlik sal wees om die vrae so korrek en bondig as moontlik in te vul.

### 2. PROFESSIONALISERING

In hierdie navorsing word die wenslikheid en moontlikheid van geprofessionaliseerde sportafrigting ondersoek. Professionalisering ten aansien van beheer, koördinerings en kontrole van afrigting, die opleiding van afrigters op voltydse- (formele) en deeltydse- (nie-formele) vlak, die verskillende vlakke van sportdeelname waar afrigting plaasvind en die verskillende instansies waar afgerig word. Verder word ook ondersoek ingestel na die status van die afrigter ten aansien van beroeps- sekuriteit, besoldiging, aansien in die gemeenskap en ook

ten aansien van die ekonomiese implikasies van die afrigtings=praktik.

### 3. VERTROULIK

Die inligting wat verstrek word, sal as vertroulik beskou word en dit sal ook nie in die interpretasie van die gegewens geïdentifiseer word as komende van 'n spesifieke instansie nie.

### 4. VERSOEK

Beantwoord asseblief die vrae so korrek en bondig as moontlik. Die antwoorde moet tog volledig wees.

### 5. Verdere inligting

Indien u enige inligting, waarvoor daar nie voorsiening gemaak word nie, wil byvoeg, kan dit teen die einde gedoen word. Sulke addisionele inligting wat spesifiek op u omstandighede van toepassing is, sal besonder waardeer word.

### 6. WAARDERING

U samewerking in dié verband sal baie hoog op prys gestel word. Ons vertrou dat die resultate van hierdie ondersoek sal bydra tot die voordeel van Suid-Afrikaanse sport in die geheel.

7. RESPONDENT

Vraelys ingevul deur: \_\_\_\_\_

Hoedanigheid: \_\_\_\_\_

Adres: \_\_\_\_\_ Kode: \_\_\_\_\_

Tel.: \_\_\_\_\_ (W) \_\_\_\_\_ (H)

Stuur die voltooide vraelys asseblief per ingeslote gefran=  
keerde koevert voor 15 OKTOBER 1983 terug aan ondergetekende.

Baie dankie

Die uwe

\_\_\_\_\_  
(Mev) R. van Zijl  
p/s Sportburo  
PU vir CHO  
POTCHEFSTROOM  
2520

Tel. (01481) 22112 x 479 (Kantoorure)  
(01481) 6823 (Tuïs)

VRAELYS PSA/1 (NASIONALE SPORTLIGGAME)

1. Bestaan daar 'n afrigterskomitee in u sportsoort?
- |    |     |
|----|-----|
| JA | NEE |
|----|-----|
2. Bestaan daar 'n afrigtersvereniging in u sportsoort?
- |    |     |
|----|-----|
| JA | NEE |
|----|-----|
3. Wat is die korrekte benaming van dié liggaam?
- 
4. Tree dié liggaam onder die jurisdiksie van die Nasionale liggaam op?
- |    |     |
|----|-----|
| JA | NEE |
|----|-----|
5. Bestaan daar in die struktuur van afrigting in u sportsoort provinsiale afrigtersliggame?
- |    |     |
|----|-----|
| JA | NEE |
|----|-----|
6. Vorm hierdie provinsiale liggaam die skakeling tussen die individuele afrigter in 'n sekere streek en die nasionale liggaam?
- |    |     |
|----|-----|
| JA | NEE |
|----|-----|
7. Indien NEE, hoe vind hierdie skakeling plaas?
- 
8. Is u afrigtersliggaam verteenwoordig op u nasionale liggaam se uitvoerende komitee?
- |    |     |
|----|-----|
| JA | NEE |
|----|-----|
9. Word die afrigtersliggaam verteenwoordig op u nasionale liggaam se raadsvergadering?
- |    |     |
|----|-----|
| JA | NEE |
|----|-----|
10. Het die afrigtersvereniging of -komitee verteenwoordiging op die algemene jaarvergadering van die nasionale liggaam?
- |    |     |
|----|-----|
| JA | NEE |
|----|-----|
11. Betaal die afrigtersliggaam enige gelde aan die nasionale liggaam?
- |    |     |
|----|-----|
| JA | NEE |
|----|-----|
12. Indien JA, waarvoor?
- 
13. Onder wie se beheer val die afrigters in u sportsoort?
- 
14. Word doeltreffende kontrole oor afrigters uitgeoefen?
- |    |     |
|----|-----|
| JA | NEE |
|----|-----|
15. Word doeltreffende kontrole oor afriqting uitgeoefen?
- |    |     |
|----|-----|
| JA | NEE |
|----|-----|

(PSA/1)(vervolg)

16. Moet die afrigters in u sportsoort as afrigters registreer?

JA	NEE
----	-----

17. Indien JA, by wie?

---

18. Moet die afrigters 'n etiese kode onderteken voordat hulle mag afrig?

JA	NEE
----	-----

19. Is daar 'n voorgeskrewe sillabus vir die opleiding van afrigters?

JA	NEE
----	-----

20. Indien JA, vind eksaminering plaas?

JA	NEE
----	-----

21. Indien JA,

ALTYD	SOMS	
-------	------	--

22. Indien JA (vr. 20), wie onderneem die eksaminering?

---

23. Wie onderneem die opleiding van afrigters?

23.1 \_\_\_\_\_

23.2 \_\_\_\_\_

23.3 \_\_\_\_\_

24. Word voorsiening gemaak vir die algemene (fundamentele) opleiding en die spesifieke (dit wat spesifiek op u sportsoort betrekking het) opleiding van die afrigter?

JA	NEE
----	-----

25. Indien JA, wie onderneem die algemene opleiding?

---

26. Behoort daar in die opleiding van sportafrigters, volgens u mening, onderskeid gemaak te word ten aansien van die algemene opleiding van dié afrigters wat spele (byvoorbeeld rugby, hokkie) afrig en dié afrigters van individuele sportsoorte (byvoorbeeld atletiek, swem) afrig?

JA	NEE
----	-----

27. Is dit volgens die aard van u sportsoort en na u mening nodig dat 'n algemene (fundamentele) opleiding, geldend vir alle sportsoorte, vir afrigters aangebied word?

JA	NEE
----	-----

28. Indien NEE, meen u dat selfs die algemene opleiding van die afrigter in u sportsoort spesifiek op u sportsoorte gerig moet wees?

JA	NEE
----	-----

(PSA/1)(vervolg)

29. Maak u sportsoort voorsiening vir verskillende vlakke van opleiding vir afrigters?

JA	NEE
----	-----

30. Indien JA, hoeveel?

1	2	3	4	5	
---	---	---	---	---	--

31. Indien JA, spesifiseer

31.1 \_\_\_\_\_

31.2 \_\_\_\_\_

31.3 \_\_\_\_\_

31.4 \_\_\_\_\_

31.5 \_\_\_\_\_

31.6 Ander \_\_\_\_\_

32. Hou u register van die afrigters op die verskillende vlakke?

JA	NEE
----	-----

33. Indien 'n afrigter 'n kwalifikasie verwerf het, behou hy/sy dié kwalifikasie vir

1 jaar	2 jaar	3 jaar	Ander
--------	--------	--------	-------

34. Word van gekwalifiseerde afrigters verwag om periodiek afrigterskursusse by te woon?

JA	NEE
----	-----

35. Maak u sportsoort voorsiening vir professionele afrigters?

JA	NEE
----	-----

36. Indien JA,

VOLTYDS	DEELTYDS	PERIODIEK
---------	----------	-----------

37. Wie is verantwoordelik vir die vergoeding van afrigters?

37.1 \_\_\_\_\_

37.2 \_\_\_\_\_

37.3 \_\_\_\_\_

(PSA/1)(vervolg)

38. Word die fooi wat 'n afrigter mag vra, deur u sportliggaam vasgestel? 

JA	NEE
----	-----

39. Het u liggaam probleme ten aansien van onwet= tige of roofafrigters? (Roofafrigters: persone wat vir 'n fooi afrig sonder die nodige opleiding of registrasie) 

JA	NEE
----	-----

40. Meen u dat die aantal professionele afrigters, byvoorbeeld deur keuring en andere, beperk moet word? 

JA	NEE
----	-----

41. Indien JA, op watter wyse?  
41.1 \_\_\_\_\_  
41.2 \_\_\_\_\_  
41.3 \_\_\_\_\_

42. Wat is die status van 'n afrigter in u sport= soort ten aansien van: (Dui aan op 5-puntskaal)

42.1 Beroepsmoontlikhede  
Goed 

5	4	3	2	1	Nvt
---	---	---	---	---	-----

 Swak

42.2 Beroepsekuriteit  
Goed 

5	4	3	2	1	Nvt
---	---	---	---	---	-----

 Swak

42.3 Besoldiging  
42.3.1 Voltyds  
Goed 

5	4	3	2	1	Nvt
---	---	---	---	---	-----

 Swak

42.3.2 Deeltyds  
Goed 

5	4	3	2	1	Nvt
---	---	---	---	---	-----

 Swak

42.3.3 Vir periodieke afrigting  
Goed 

5	4	3	2	1	Nvt
---	---	---	---	---	-----

 Swak

42.3.4 Honoraria  
Goed 

5	4	3	2	1	Nvt
---	---	---	---	---	-----

 Swak

(PSA/1)(vervolg)

43. Beskik u sportsoort oor 'n nasionale afrigter/s? 

JA	NEE
----	-----

44. Indien JA, hoeveel?

1	2	3	4	5	MEER
---	---	---	---	---	------

45. Is hierdie afrigter/s ook die afrigter/s van die Nasionale spanne van u sportsoort? 

JA	NEE
----	-----

46. Indien NEE, wie rig die Nasionale span/ne af?

46.1 \_\_\_\_\_

46.2 \_\_\_\_\_

46.3 \_\_\_\_\_

47. Sou u die stigting van 'n Suid-Afrikaanse Afrigters=vereniging steun (alle sportsoorte) 

JA	NEE
----	-----

48. Sou u 'n Nasionale simposium vir sportafrigters steun? 

JA	NEE
----	-----

49. Indien JA, hoe gereeld?

JAARLIKS	TWEEJAARLIKS	
----------	--------------	--

50. Sou u wetgewing ten aansien van die beheer van afrigters steun? 

JA	NEE
----	-----

BAIE DANKIE VIR U SAMEWERKING!



BYLAE B  
(PSA/2)

## 'N ONDERSOEK NA DIE SPORTWETENSKAP EN DIE PROFESSIONALISERING VAN SPORTAFRIGTING IN DIE RSA

Vraelys aan die Direkteure van Sportburo's van tersiêre opvoedkundige inrigtings in die RSA (PSA/2)

Instansie: \_\_\_\_\_

### 1. INLEIDING

Sekere aspekte met betrekking tot sportafrigting is nie deur die RGN-sportondersoek (1982) gedek nie. Ten einde dus die relatiewe inligting ten aansien van die genoemde onderwerp te verkry, is hierdie vraelys opgestel en aan kundiges besorg. Ek vertrou dat dit vir u moontlik sal wees om die vrae so korrek en bondig as moontlik in te vul.

### 2. PROFESSIONALISERING

In hierdie navorsing word die wenslikheid en moontlikheid van geprofessionaliseerde sportafrigting ondersoek. Professionalisering ten aansien van beheer, koördinerings en kontrole van afrigting, die opleiding van afrigters op voltydse- (formele) en deeltydse- (nie-formele vlak, die verskillende vlakke van sportdeelname waar afrigting plaasvind en die verskillende instansies waar afgerig word. Verder word ook ondersoek ingestel na die status van die afrigter ten aansien van beroepsekuriteit, besoldiging, aansien in die gemeenskap en ook ten aansien van die ekonomiese implikasies van die afrigtingspraktyk.

### 3. VERTROULIK

Die inligting wat verstrekk word, sal as vertroulik beskou word en dit sal ook nie in die interpretasie van die gegewens geïdentifiseer word as komende van 'n spesifieke instansie nie.

### 4. VERSOEK

Beantwoord asseblief die vrae so korrek en bondig as moontlik. Die antwoorde moet tog volledig wees.

### 5. VERDERE INLIGTING

Indien u enige inligting, waarvoor daar nie voorsiening gemaak word nie, wil byvoeg, kan dit teen die einde gedoen word. Sulke addisionele inligting wat spesifiek op u omstandighede van toepassing is, sal besonder waardeer word.

### 6. WAARDERING

U samewerking in dié verband sal baie hoog op prys gestel word. Ons vertrou dat die resultate van hierdie ondersoek sal bydra tot die voordeel van Suid-Afrikaanse sport in die geheel.

### 7. RESPONDENT

Vraelys ingevul deur: \_\_\_\_\_

Hoedanigheid: \_\_\_\_\_

Adres: \_\_\_\_\_ Kode: \_\_\_\_\_

Tel.: \_\_\_\_\_ (W) \_\_\_\_\_ (H)

Stuur die voltooide vraelys asseblief per ingeslote gefran=  
keerde koevert voor 15 OKTOBER 1983 terug aan ondergetekende.

Baie dankie

Die uwe

---

(Mev) R. van Zijl  
p/a Sportburo  
PU vir CHO  
Potchefstroom  
2520

Tel. (01481) 22112 x 479 (Kantoorure)  
(01481) 6823 (Tuis)

VRAELYS PSA/2 (SPORTBURO'S TERSIËRE OPVOEDKUNDIGE INRIGTINGS)

1. Bestaan daar 'n afrigtingskomitee aan u inrigting? 

JA	NEE
----	-----
2. Onder wie se beheer val die afrigters/afriking?   
 2.1 \_\_\_\_\_   
 2.2 \_\_\_\_\_
3. Word afrigters vir die verskillende sportsoorte wat aan u inrigting beoefen word, aangestel? 

JA	NEE
----	-----
4. Indien JA, geld dit vir al die sportsoorte? 

JA	NEE
----	-----
5. Indien JA (Vraag 3), vir watter tydperk?
- |         |          |           |         |  |
|---------|----------|-----------|---------|--|
| VOLTYDS | DEELTYDS | PERIODIEK | SEISOEN |  |
|---------|----------|-----------|---------|--|
6. Indien JA (vraag 3), oor hoeveel afrigters beskik u?
- |         |          |           |         |  |
|---------|----------|-----------|---------|--|
| VOLTYDS | DEELTYDS | PERIODIEK | SEISOEN |  |
|---------|----------|-----------|---------|--|
7. Indien u oor voltydse afrigters beskik, spesifiseer sportsoorte
- 7.1 \_\_\_\_\_
- 7.2 \_\_\_\_\_
- 7.3 \_\_\_\_\_
- 7.4 \_\_\_\_\_
8. Het die voltydse afrigters ook organisatoriese verpligtinge? 

JA	NEE
----	-----
9. Indien afrigting wel plaasvind, wie neem dit waar?
- 9.1 Afrigters wat nie aan u inrigting verbonde is nie 

JA	NEE
----	-----
- 9.2 Lede van die akademiese personeel 

JA	NEE
----	-----
- 9.3 Lede van die nie-doserende personeel 

JA	NEE
----	-----
- 9.4 Studente 

JA	NEE
----	-----

(PSA/2)(vervolg)

10. Word die afrigters volgens sekere kriteria aangestel? 

JA	NEE
----	-----
11. Indien JA, spesifiseer kriteria
- 11.1 Eie sportprestasie 

JA	NEE
----	-----
- 11.2 Erkende afrigterskwalifikasie 

JA	NEE
----	-----
- 11.3 Afrigtingservaring 

JA	NEE
----	-----
- 11.4 Vorige afrigtingsuksesse 

JA	NEE
----	-----
- 11.5 Kombinasie van reeds genoemdes 

JA	NEE
----	-----
- 11.6 Ander \_\_\_\_\_
12. Word die afrigters kontraktueel verbind om hulle verpligtinge na te kom? 

JA	NEE
----	-----
13. Is daar kontrole oor die afrigter? 

JA	NEE
----	-----
14. Is daar kontrole oor die afrigting? 

JA	NEE
----	-----
15. Indien JA (vrae 13 en 14), wie oefen kontrole uit?
- 15.1 Afrigter: \_\_\_\_\_
- 15.2 Afrigting: \_\_\_\_\_
16. Moet 'n afrigter 'n etiese kode eerbieding? 

JA	NEE
----	-----
17. Rig die afrigters teen 'n fooi af? 

JA	NEE
----	-----
18. Indien JA, geld dit vir alle afrigters? 

JA	NEE
----	-----
19. Indien NEE, spesifiseer wié vergoed word
- 19.1 Professionele afrigters? 

JA	NEE
----	-----
- 19.2 Vrywillige afrigters? 

JA	NEE
----	-----
- 19.3 Personeellede aan u inrigting verbonde? 

JA	NEE
----	-----
- 19.4 Studente-afrigters 

JA	NEE
----	-----
- 19.5 Ander \_\_\_\_\_

(PSA/2)(vervolg)

20. Word afrigtingsfooie volgens die kwalifikasie van die afrigter betaal?

JA	NEE
----	-----

21. Evalueer die verhouding van kwalifikasie teenoor vergoeding op die 5-puntskaal

Goed	5	4	3	2	1	Swak
------	---	---	---	---	---	------

22. Word die omvang van die vergoeding vasgestel volgens kategorieë wat vir alle afrigters geld?

JA	NEE
----	-----

23. Indien JA, spesifiseer kategorieë en ooreenstemmende bedrae

Kategorieë:	1	2	3	4		
Bedrag :						

24. Wie stel die geld vir afrigting beskikbaar?

24.1 \_\_\_\_\_

24.2 \_\_\_\_\_

25. Word dit van die afrigters verwag om kursusse, klinieke en simposia by te woon?

JA	NEE
----	-----

26. Indien NEE, word hulle aangemoedig om dit by te woon?

JA	NEE
----	-----

27. Bied u inrigting kursusse, klinieke of simposia aan?

JA	NEE
----	-----

28. Indien JA, is dit slegs vir u eie afrigters?

JA	NEE
----	-----

29. Indien NEE, wie mag dit nog bywoon?

29.1 \_\_\_\_\_

29.2 \_\_\_\_\_

30. Wat is die status van 'n afrigter aan u inrigting ten aansien van: (Dui aan op skaal)

30.1 Aansien in die gemeenskap

Hoog	5	4	3	2	1	Laag
------	---	---	---	---	---	------

30.2 Sekuriteit in die aanstelling

Baie 

5	4	3	2	1
---	---	---	---	---

 Min

30.3 Besoldiging (Algemeen)

Hoog 

5	4	3	2	1
---	---	---	---	---

 Laag

30.3.1 Voltyds

Hoog 

5	4	3	2	1
---	---	---	---	---

 Laag

30.3.2 Deeltyds

Hoog 

5	4	3	2	1
---	---	---	---	---

 Laag

30.3.3 Per seisoen

Hoog 

5	4	3	2	1
---	---	---	---	---

 Laag

30.3.4 Honoraria

Hoog 

5	4	3	2	1
---	---	---	---	---

 Laag

31. Wat is volgens u mening die algemene kwaliteit van die afrigting aan u inrigting?

Goed 

5	4	3	2	1
---	---	---	---	---

 Swak

32. Watter geleenthede bestaan daar aan u inrigting vir 'n afrigter om ten volle te ontwikkel?

Goeie 

5	4	3	2	1
---	---	---	---	---

 Geen

33. Bestaan daar 'n Liggaamlike Opvoedkunde Departement aan u inrigting?

JA	NEE
----	-----

34. Indien JA, is die sportafrigters betrokke by die aanbieding van klasse in LO?

JA	NEE
----	-----

35. Indien JA, in watter mate

Baie 

5	4	3	2	1
---	---	---	---	---

 Min

36. Wat is die samewerking tussen u buro en die LO Departement?

Goed 

5	4	3	2	1
---	---	---	---	---

 Swak

37. Is dit vir u belangrik dat daar wel 'n goeie verhouding moet bestaan?

Baie 

5	4	3	2	1
---	---	---	---	---

 Min

38. Bestaan daar 'n instituut vir sportopleiding aan u inrigting?

JA	NEE
----	-----

39. Bestaan daar 'n instituut vir sportnavorsing aan u inrigting?

JA	NEE
----	-----

40. Indien JA, maak u afrigters gebruik van inligting wat beskikbaar kom?

Baie 

5	4	3	2	1
---	---	---	---	---

 Min

41. Is daar goeie samewerking tussen u buro en die navorsingseenheid?

Goed 

5	4	3	2	1
---	---	---	---	---

 Swak

42. Watter persentasie van u studente (by benadering) is by kompetisiesport betrokke?

---

43. Is daar 'n verband tussen die aantal deelnemers en die aantal afrigters wat in spesifieke gevalle beskikbaar is?

JA	NEE
----	-----

44. Is daar 'n verband tussen die aantal deelnemers aan 'n sekere sportsoort en die kwaliteit van afrigting wat beskikbaar is?

JA	NEE
----	-----

45. Sou u die hou van 'n simposium vir alle afrigters aan tersiêre opvoedkundige inrigtings ondersteun?

JA	NEE
----	-----



(PSA/2)(vervolg)

46. Indien JA, hoe gereeld?

JAARLIKS	TWEEJAARLIKS	ANDER
----------	--------------	-------

47. Sou u h afrigterskomitee vir die afrigters aan tersiêre onderwysinrigtings wenslik vind?

JA	NEE
----	-----

48. Beskik u inrigting tans oor h afrigtingstydskrif?

JA	NEE
----	-----

49. Indien JA, wie publiseer dit?

---

50. Indien JA (vraag 48), wat is die naam van die tydskrif?

---

51. Sou u h afrigtingstydskrif, spesifiek gerig op afrigtingsaspekte wat betrekking het op tersiêre inrigtings, ondersteun?

JA	NEE
----	-----

BAIE DANKIE VIR U SAMEWERKING!

BYLAE C GRONDWET VIR DIE SUID-AFRIKAANSE SPORTAFRIGTINGS=  
VERENIGING

Bepalings wat in gedagte gehou moet word by die samestelling van 'n grondwet vir 'n Suid-Afrikaanse afrigtingsliggaam, handel oor die volgende sake: die naam, doelstellings, regs aanspreeklikheid, lidmaatskap, finansies, ampsdraers, vergadering en kworums, bestuur, komitees en hulle pligte, huishoudelike reëls, wysiging van die grondwet en ontbinding.

1. NAAM

Die naam van die vereniging is "Die Suid-Afrikaanse Sportafrigtingsvereniging" hierna genoem die Vereniging.

2. DOELSTELLINGS (p.448)

3. REGSAANSPREEKLIKHEID\*

- Die Vereniging is 'n liggaam met regspersoonlikheid wat sonder winsoogmerk aan die regsverkeer deelneem en die inkomste en eiendom van die Vereniging. uit welke bron

\* Die volgende regsvereistes geld vir die bestaan van gemeenregtelike regspersone (Pienaar, 1982:131-132):

- "Daar moet 'n entiteit bestaan wat draer is van regte en verpligtinge (waaronder die kompetensie om eiendom te besit) afsonderlik van die regte en verpligtinge van die individue waaruit die entiteit saamgestel is.
- Die entiteit moet 'n bepaalde interne gesagstruktuur vertoon en as sodanig voortbestaan ongeag die wisseling van individue waaruit die entiteit saamgestel is.
- Die entiteit moet 'n voorafbepaalde hoofdoel (stellings) nastreef, welke hoofdoel (stellings) nie onwettig of *contra bonos mores* mag wees nie.

ook verkry, word uitsluitlik aangewend vir die bevordering van die doelstellings soos in die grondwet uiteengesit.

- Alle bates van die Vereniging moet op die naam van die Vereniging gehou of geregistreer word.
- Die inkomste en eiendom van die Vereniging moet slegs aangewend word vir die bevordering van sy doelstellings en geen gedeelte van die inkomste mag aan enige lid of lede betaal word of direk of indirek oorgedra word nie, met dien verstande dat niks wat hierin vervat is die betaling van bona fide vergoeding aan enige beampte van die Vereniging af aan enige lid met die oog op enige diens wat in werklikheid aan die Vereniging gelewer en deur die bestuur gemagtig is, verhoed nie.
- Die Vereniging het die bevoegdheid om in sy eie naam te dagvaar of h aksie te verdedig. Die volmag om geregtelike stappe in te stel of te verdedig moet onderteken word deur die voorsitter en sekretaris wat afsonderlik die bevoegdheid het om die Vereniging in al sodanige verrigtinge te verteenwoordig.
- As regs persoon is die Vereniging draer van regte en verpligtinge afsonderlik van die regte en verpligtinge van individuele lede en bestaan die Vereniging voort ongeag die wisseling van lede.

#### 4. LIDMAATSKAP

##### a) Aktiewe lede

- Die nasionale sportbeheerliggame wat deur middel van hulle sportafrigtingsvereniging of -komitees by die Vereniging geaffilieer het. Twee lede van die afrig-

tingskomitee of -vereniging verteenwoordig die betrokke sportliggaam by die Vereniging.

- Alle afrigters wat 'n afrigterskwalifikasie van hulle besondere sportsoorte verwerf het en as afrigter by hulle eie nasionale sportbeheerliggame geregistreer is\*.

b) Verteenwoordigers van verteenwoordigende liggame en instellings

Een verteenwoordiger elk van die Departement van Nasionale Opvoeding (Direktoraat Sportbevordering), die Sportstigting van Suider-Afrika en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportwetenskap, Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasiekunde (SAVSLOR). Hierdie lede het sittingsreg op vergaderings maar beskik nie oor stemreg nie.

c) Donateurlede

Enige persoon wat die doelstellings van die Vereniging onderskryf maar nie vir aktiewe lidmaatskap in aanmerking kom nie, kan by betaling van 'n donasie soos deur die algemene jaarvergadering besluit, 'n donateurlid van die Vereniging word.

Donateurlede het sittingsreg op vergaderings, maar beskik nie oor stemreg nie en word nie bygetel wanneer 'n kworum bereken word nie.

---

\* Dit sluit amateur- en professionele afrigters in. Volgens Scott (1984) kan professionele- en amateurafrigters gesamentlik by 'n amateurliggaam affilieer. Dit beteken egter nie dat die liggaam die professionele afrigters sal vergoed nie, behalwe in besondere gevalle (p. 523).

#### d) Erelede

- Erelidmaatskap kan aan 'n persoon wat besondere diens op die gebied van sportafrigting gelewer het, na 'n eenparige besluit deur die algemene jaarvergadering toegeken word;
- 'n erelid betaal geen gelde nie, het sittingsreg op alle algemene vergaderings, maar beskik nie oor stemreg nie en word ook nie bygetel wanneer 'n kworum bereken word nie.

#### e) Tugmaatreëls

- Indien 'n aktiewe lid hom skuldig maak aan onetiese gedrag en die belange van die Vereniging en sportafrigting benadeel of in 'n slegte lig stel, mag sy uitsetting uit die Vereniging geskied. So 'n besluit moet deur die bestuur bevestig word. So 'n lid moet 'n 30-dae-kennisgewing ontvang om op 'n bepaalde tyd en plek vir sodanige verhoor voor die bestuur te verskyn.

### 5. FINANSIES

Die Vereniging is 'n vereniging sonder winsmotief, onderworpe aan punt 3. Finansies: ten einde die funksies van die Vereniging in stand te hou en die doelstellings daarvan te verwesenlik moet finansies op die volgende wyses bekom word:

- Tien persent van die registrasiegeld wat deur 'n sportafrigter by sy eie nasionale liggaam betaal word, moet aan die Vereniging oorbetaal word;
- die afrigtingskomitees of -verenigings van nasionale sportbeheerliggame moet jaarliks affiliasiegelde aan die Vereniging betaal;
- donateurlede betaal jaarliks 'n donasie van minstens die bedrag soos deur die algemene jaarvergadering bepaal;
- borge vir sportafrigting moet bekom word;
- aansoek moet jaarliks by die Departement Nasionale Opvoeding, Direkoraat Sportbevordering, om finansiële steun gedoen word;
- geen lid is op enige bates of fondse van die Vereniging geregtig nie, uitgesonderd bona fide-vergoeding vir dienste wat deur lede in opdrag van die bestuur aan die Vereniging gelewer is.

By die algemene jaarvergadering word 'n ouditeur wat nie lid van die bestuur mag wees nie, benoem om die boeke van die Vereniging te ouditeer. Die geouditeerde geldstaat word by die algemene jaarvergadering deur die tesourier voorgelê.

'n Bankrekening moet in die naam van die Vereniging by 'n geregiŝtreerde handelsbank geopen word en die voorsitter en ondervoorsitter het die bevoegdheid om tjeks te onderteken.

## 6. AMPSDRAERS

### a) Direkteur

Hy is 'n voltydse betaalde amptenaar van die Vereniging en vorm saam met die nodige administratiewe personeel, die Direktoraat. Die direkteur word deur die bestuur van die Vereniging aangestel, nadat die pos geadverteer is en die beste kandidaat aangewys is. Hy het 'n vaste kantoor.

### b) Verkose ampsdraers

Die verkose ampsdraers van die Vereniging is: voorsitter, onder-voorsitter, sekretaris, tesourier en 'n addisionele lid. Hierdie lede het die volle stemreg.

### c) Nominasies

- Slegs aktiewe lede van die Vereniging mag as ampsdraers genomineer word.
- Nominasies moet skriftelik minstens 1 (een) maand voor die algemene jaarvergadering, met die goedkeuring van die genomineerde by die bestuur ingelewer word.
- Tydens die verkiesingsvergadering mag verdere nominasies uit die gehoor gemaak word, mits die genomineerde teenwoordig is of skriftelik toestemming gegee het.

### d) Verkiesings

- Verkiesings vind tydens die algemene jaarvergadering plaas en geskied per stembrief behalwe waar slegs

een persoon genomineer is, in welke geval 'n mondelinge stemming mag beslis.

- Elke nasionale sportligaam beskik oor die aantal stemme wat op 'n pro rata-basis volgens die aantal geregistreerde afrigters waaroor hulle beskik, aan hulle toegeken word.
- 'n Meerderheid van stemme word vereis om verkies te word.

#### e) Dienstermyn

- Bestuurslede word op elke algemene jaarvergadering gekies en tree na afloop van die eersvolgende sodanige vergadering of by die verkiesing van hulle opvolgers, uit.
- Uittredende bestuurslede is herkiesbaar.
- 'n Ampsdraer wat langer as die helfte van die diens=termyn 'n amp vervul het, word beskou as synde 'n volle dienstermyn te gedien het.

#### f) Vakatures

- 'n Vakature wat in die bestuur ontstaan word tydens 'n spesiale verkiesing gevul, met die uitsondering van die amp van voorsitter in welke geval die vise-voorsitter outomaties voorsitter word en die pos van vise-voorsitter vakant word.

#### g) Koöptering

- Met die goedkeuring van die bestuur mag die voorsitter 'n maksimum van twee aktiewe lede koöpteer om met die



uitvoering van spesiale take behulpsaam te wees. Gekoöpteerde lede geniet dieselfde voorregte as verkose lede.

h) Ontheffing van amp

- 'n Ampsdraer kan om die volgende redes van sy amp onthef word:

indien hy van twee agtereenvolgende vergaderings van die bestuur sonder bevredigende verskoning wegbly; as gevolg van nalatigheid of ernstige pligsversuim of na aanleiding van die bevindinge van 'n spesiaal-verkose tugkomitee.

i) Pligte van die ampsdraers

i) Die Direkteur

- Verantwoordelik vir die uitvoering van besluite van die Vereniging en die bestuur.
- Stel in oorleg met die bestuur die nodige administratiewe personeel aan.
- Tree as sekretaris op en het in die verband die volgende pligte:
  - Is verantwoordelik vir die notulering van alle bestuurs- en algemene vergaderings.
  - Hou 'n volledige lederegister op datum en is by vergaderings vir presensielyste verantwoordelik.
  - Stel in samewerking met die voorsitter die agendas vir alle vergaderings op.
  - Stuur kennisgewings en agendas van alle verga-

derings op die voorgeskrewe tyd aan alle lede uit.

- Behartig in opdrag van die voorsitter en/of bestuur alle korrespondensie van die Vereniging en liasseer alle nodige stukke.
- Is saam met die voorsitter verantwoordelik vir die opstelling van die verslag van werksaamhede vir die algemene jaarvergadering.
  
- Hanteer finansies en vervul in die verband die volgende pligte:
  - Ontvang al die geld en reik kwitansies daarvoor uit.
  - Deponeer gereeld al die geld wat ontvang word.
  - Betaal, na goedkeuring deur die bestuur, alle rekeninge van die Vereniging.
  - Hou volledig boek van alle inkomste en uitgawe.
  - Stuur een maand voordat affiliasiegelde betaalbaar is 'n rekening vir die verskuldigde bedrag aan elke nasionale sportbeheerliggaam.
  - Lewer by elke bestuurs- en ledevergadering OF lewer op versoek van die bestuur of die Vereniging 'n gespesifiseerde verslag van inkomste en uitgawe.
  - Stel jaarliks, na die afsluiting van die boekjaar, 'n inkomste- en uitgawerekening op en lê die verslag saam met die boeke aan die ouditeur voor.
  - Lê by die algemene jaarvergadering die geouditeerde geldstaat om goedkeuring voor.

i) Die voorsitter;

- Tree by alle vergaderings van die Vereniging en bestuur as voorsitter op.
- Is, onderworpe aan die opdragte van die bestuur, verantwoordelik vir alle opvoedkundige bedrywighede van die Vereniging.
- Beskik in geval van staking van stemme by bestuursvergaderinge/ alle vergaderings oor 'n beslissende stem.
- Stel met die goedkeuring van die bestuur alle vaste komitees aan.
- Is ex officio-lid van alle vaste komitees.
- Is bevoeg om alle kontrakte wat ter uitoefening en bevordering van die hoofdoelstellings gesluit moet word, aan te gaan en te onderteken.

ii) Die onder-voorsitter:

- Tree by afwesigheid van die voorsitter of op sy se versoek as voorsitter op.
- Is hoof van die programkomitee.
- Is verantwoordelik vir sodanige administratiewe pligte soos deur die bestuur opgedra.

iii) Die sekretaris

Sy pligte word deur die direkteur vervul.

iv) Finansiële raadgewer

Tree as raadgewer op in alle finansiële sake.

v ) Die addisionele lid:

- Hou die plakboek van die Vereniging se bedrywighede op datum.
- Is verantwoordelik vir reëlings wat met gassprekers en besoekers getref moet word.
- Is verantwoordelik vir sodanige ander pligte as wat deur die voorsitter en/of bestuur opgedra mag word.

j) Vergaderings en kworums

As gevolg van die aard van die samestelling van die Vereniging vind ledevergaderings nie op 'n gereelde basis plaas nie. Sake wat dringende aandag vereis moet by wyse van 'n nuusbrief aan lede deurgegee word.

- 'n Algemene jaarvergadering vind jaarliks tydens die nasionale simposium vir sportafrigters plaas.
- Kennisgewing van byeenroeping van dié vergadering moet minstens 30 (dertig) dae voor die vergadering skriftelik aan alle lede geskied en moet die agenda vir die vergadering insluit.
- Lede wat bykomende sake op die agenda wil laat plaas, moet binne 8 (agt) dae voor die datum van die vergadering kennis aan alle lede daarvan gee.
- Die agenda vir die algemene jaarvergadering moet vir die volgende items voorsiening maak:

voorlegging en aanvaarding van verslag van werksaamhede; voorlegging en aanvaarding van finansiële state; vasstelling van ledegeld; aanwysing van ouditeur; vasstelling van gereelde byeenkomstye; toekenning van erelidmaatskap; affiliasie by ander liggame;

verkiesing van bestuur; sake waarvan behoorlik kennis gegee is. (NOTA: 'n Volledige sakelys sou hier gegee kon word). Alle aktiewe lede het stemreg by die algemene jaarvergadering.

- Die kworum vir die algemene jaarvergadering is 'n meerderheid van die aktiewe lede.
- Indien daar na 30 minute na die vasgestelde aanvangs=tyd geen kworum teenwoordig is nie word die vergade=ring verdaag tot die volgende dag, op dieselfde plek en tyd. Indien daar by die voortsettingsvergade=ting nie binne 'n halfuur vanaf die bepaalde tyd 'n kworum teenwoordig is nie, vorm die teenwoordige lede 'n kworum met die bevoegdheid om die sakelys te behandel.

#### k) Besluite

Besluite tydens enige vergadering van die lede of bestuur word deur 'n meerderheid van stemme van aanwesige lede aangeneem, tensy daar in die grondwet uitdruklik andersins voorsiening gemaak word. Sulke besluite is wettig en bindend.

#### l) Bestuur

##### i) Samestelling

- Die direkteur, verkose ampsdraers en die gekoöp=teerde lede (indien enige) vorm die bestuur van die Vereniging.

- Benoemde lede: Een verteenwoordiger elk van die Departement van Nasionale Opvoeding, (Direktooraat Sportbevordering), die Sportstigting van Suider-Afrika en SAVSLOR het sitting op die bestuursvergaderings, maar beskik nie oor stemreg nie.

ii) Bestuursvergaderings en kworums

- Die bestuur vergader een maal per maand en meer dikwels indien nodig.
- Die voorsitter tree by alle bestuursvergaderinge as voorsitter op. By afwesigheid van die voorsitter tree die vise-voorsitter op en by albei se afwesigheid kies die lede 'n tydelike voorsitter.
- Die voorsitter beskik in geval van staking van stemme oor 'n beslissende stem.
- Op versoek van die voorsitter of enige drie lede belê die sekretaris 'n bestuursvergadering.
- 'n Meerderheid van bestuurslede vorm 'n kworum.

iii) Bevoegdhede en pligte

- Die bestuur beskik oor algemene administratiewe en uitvoerende magte soos deur die Vereniging bepaal.
- Die bestuur handel sodanige algemene sake af wat nodig mag wees.

m) Komitees en hulle pligte

a) Vaste komitees

Die vaste komitees van die Vereniging is: programkomitee, opleidingskomitee, navorsingskomitee, afrig-

terskomitee, lidmaatskapkomitee, finansieskomitee.

b) Pligte van vaste komitees

Die pligte van diestaande komitees sou ook in die huishoudelike reëls opgeneem kan word sodat dit makliker aangepas kan word waar nodig.

i) Programkomitee

Die pligte van die programkomitee is:

- om in oorleg met die bestuur verantwoordelik te wees vir die voorbereiding en opstel van die jaarprogram van die Vereniging;
- om die gewone bestuursvergadering te beplan;
- om die datum vir die algemene jaarvergadering en die jaarlikse simposium te beplan;
- om 'n rekord van aktiwiteite van die Vereniging in 'n permanente lêer op datum te hou.

ii) Opleidingskomitee

Die pligte van die opleidingskomitee is:

- om met die programkomitee saam te werk;
- om die opleiding van sportafrigters soos dit deur die sportinstitute en nasionale sportbeheerliggame behartig word te beheer en te koördineer en op 'n eenvormige grondslag te plaas.
- om te verseker dat die standaard van die afrigtersopleiding op die verskillende vlakke van deelname soos dit deur die verskil-

lende nasionale sportbeheerliggame aangebied word, met mekaar korreleer sodat nasionale erkenning vir die afrigterskwalifikasies in sportsoorte dieselfde kwalifikasie impliseer.

- om in samewerking met die navorsingskomitee en die programkomitee die inhoud van die jaarlikse simposium te bepaal;
- om in oorleg met die bestuur verantwoordelik te wees vir die aanbieding van die jaarlikse afrigtingsimposium;
- om 'n biblioteek van inligting oor algemene sake rakende sportafrigting op te bou, op datum te hou en aan lede beskikbaar te stel.
- om waar nodig sportliggame te help met die samestelling van handleidings vir opleiding.
- Hierdie komitee sal veral met die afdeling Sportwetenskap van SAVSLOR en die Sportstigting van Suider-Afrika saamwerk, ten einde sorg te dra dat sportopleiding in die RSA gekoördineer word. Hierdie samewerking is veral noodsaaklik omdat SAVSLOR noue kontak met die sportinstituut by universiteite handhaaf.

iii) Die navorsingskomitee

Die pligte van die navorsingskomitee is:

- om sportnavorsing aan te moedig;
- om navorsingsbehoefte te identifiseer;
- om pogings te maak ten einde die nodige navorsing te laat plaasvind;



- om voorsiening daarvoor te maak dat relevante inligting wat uit die navorsing voortspruit na die afrigters deurgegee word.
- Hierdie komitee sal veral nou saamwerk met die afdeling Sportwetenskap van SAVSLOR teneinde sorg te dra dat sportnavorsing in die RSA gekoördineer word.

iv) Die afrigterskomitee

Die pligte van die afrigterskomitee is:

- om soos 'n professionele liggaam om te sien na die belange van die sportafrigter;
- om die status van die sportafrigter in die gemeenskap te verbeter deur 'n geprofessionaliseerde wyse van optrede van hom te vereis;
- om projekte aan te pak waardeur die beroeps- moontlikhede, beroepsekuriteit en besoldiging van die sportafrigter bevorder word;
- om kontrole oor die sportafrigters deur middel van die nasionale sportbeheerliggame, uit te oefen sodat die beeld van die sportafrigter nie deur onverantwoordelike en onverantwoordbare optrede benadeel word nie;
- deur toe te sien dat die etiese kode deur die sportafrigters eerbiedig word;
- om die behoeftes en probleme van die sportafrigter onder die aandag van die bestuur van die Vereniging te bring en oplossings daarvoor voor te stel.

v) Die lidmaatskapskomitee

Die pligte van die lidmaatskapskomitee is:

- om alle aansoeke om lidmaatskap te ontvang en te hanteer;
- om 'n register van alle sportafrigters in die RSA aan te lê en op datum te hou. Die inligting oor geregistreeerde afrigters word van die nasionale sportbeheerliggame verkry.
- Hierdie komitee sal ook met SAVSLOR saamwerk aangesien laasgenoemde vereniging oor die infrastruktuur beskik om so 'n register aan te hou.

vi) Finansieskomitee

Die plig van die finansieskomitee is:

- om moontlikhede vir die verkryging van finansieële steun vir sportafrigting te ondersoek en te ontgin; onderworpe aan punt 3 wat die geenwinsmotief beklemtoon.

n) Huishoudelike reëls

- Die Vereniging stel huishoudelike reëls op vir sy vergaderings, werksaamhede, en vir die van komitees wat deur hom verkies of aangestel word.
- Hierdie reëls mag nie in stryd met die grondwet wees nie en mag deur 'n tweederdemeerderheidstem gewysig of herroep word sonder kennisgewing of deur 'n meerderheid=

stem indien kennis gegee is\*.

q) Wysiging van grondwet

Hierdie grondwet kan tydens die algemene jaarvergadering of 'n buitengewone vergadering van die Vereniging deur 'n tweederdemeerderheidstem van teenwoordige lede gewysig word, met dien verstande dat ten minste 30 (dertig) dae skriftelike kennisgewing van die voorgestelde wysiging aan allê lede gegee is, met die uitsondering van gevalle waar 'n hersieningskomitee opdrag ontvang het om die grondwet te hersien, in welke geval kennisgewing dat die hersieningskomitee by die volgende vergadering volledig verslag sal lewer, voldoende kennisgewing is, sonder dat die voorgestelde wysigings geles of gesirkuleer hoef te word.

Lede wat wysigings aan die grondwet wil voorstel moet dit ten minste 40 (veertig) dae voor die vergadering skriftelik aan die sekretaris besorg.

---


\* Afrigters behoort diegene wat hulle afrig, vrywaringsvorms te laat teken ten einde nie aanspreeklik gehou te word indien 'n ongeluk tydens 'n oefensessie of wedstryd plaasvind nie. So 'n vrywaringsvorm is egter 'n ooreenkoms tussen die sportafrigter en sportdeelnemer en geld nie as 'n algemene bepaling nie en word gevolglik nie in 'n grondwet of huishoudelike reëls opgeneem nie (Scott, 1984).

p) Ontbinding van Vereniging

- Die Vereniging kan ontbind slegs deur 'n tweederdemeerderheidsbesluit van die stemgeregtigde lede teenwoordig op 'n algemene jaarvergadering of 'n buitengewone vergadering wat vir die doel belê is na minstens 2 (twee) maande skriftelike kennisgewing vooraf deur die bestuur aan alle lede.
- By ontbinding is geen lid of bestuurslid in private hoedanigheid aanspreeklik vir die skulde van enige ander lid of van die Vereniging nie.
- As daar by die ontbinding van die Vereniging nadat al die laste afgehandel is, hoegenaamd enige bates oorbly, word dit oorgedra aan of verdeel onder 'n liggaam/liggame soos deur 'n meerderheid van die lede wat by die ontbindingsvergadering teenwoordig is, bepaal word.

In figuur 24 word die struktuur van die Suid-Afrikaanse Sportafrigtingsvereniging uiteengesit.

SUID-AFRIKAANSE  
SPORTAFRIGTINGSVERENIGING



FIGUUR 24 DIE STRUKTUUR VAN DIE VOORGESTELDE SUID-AFRIKAANSE SPORTAFRIGTINGSVERENIGING

\* Een elk van SAVSLOR, Die Sportstigting van Suider-Afrika en die staat

## BYLAE D

Inhoud van voorbereidende of oriënteringskursus (nie-formele opleiding)

Opleidingsmodel\*: Voorbereidende kursus in sportafrigting

Toelatingsvereistes:

- Minimum ouderdom van 16 jaar
- Belangstelling in 'n bepaalde sportsoort

Opleidingstoestig en leerkragte

In samewerking met nasionale sportbeheerliggame:

- Sportinstitute van universiteite
- Afrigtingsvereniging van sportliggame self

Sertifisering

Geen eksamen word afgelê nie. Kandidate ontvang slegs 'n bywoningssertifikaat wat deur die opleidingskomitee van die Suid-Afrikaanse Sportafrigtersvereniging uitgereik is.

Kursusgeld

Vooruitbetaalbaar deur kursusganger.

'n Voorbeeld van die inhoud van so 'n kursus en die tyd wat daaraan bestee word, word vervolgens weergegee:

---

\* Hoofpunte na die voorbeeld van Botha (1981:177)

1. Die rol van die afrigter (2 uur)
2. Sportpsigologie (algemene oriëntasie)(2 uur)
3. Hoe die liggaam funksioneer en groei (algemene inligting (2 uur)
4. Vaardighede - h analyse (1 uur)
5. Veiligheid in sport (2 uur)
6. Die aanleer van vaardighede (spesifieke sportsoort)(10 uur)
7. Die beplanning van h inoefeningsessie (1 uur)

INHOUD VAN DIE PROGRAM VIR DIE OPLEIDING AS 'N PROFESSIONELE  
AFRIGTER (NIE-FORMELE OPLEIDING)

Opleidingsmodel\*: Sportafrigtingsertifikaat

Toelatingsvereistes

- Minimum ouderdom van 24 jaar
- Kandidaat moet in besit wees van sertifikaat III
- Kandidaat moet deur nasionale sportbeheerliggaam aanbeveel word.

Opleidingstyd

- 18 maande deelyds.

Opleidingstoestig en leerkragte

Sportinstitute van die universiteite. Koördinerings- en kontrole deur opleidingskomitee van die Suid-Afrikaanse afrigtersvereniging (p.537). Kundiges in die besondere sportsoorte word op 'n deelydse basis betrek om die sportspesifieke afdelings te behartig.

Eksamen

Toelatingsvereistes

- 2 jaar praktiese ervaring op topprestasievlak met 'n minimum van 300 kontakure.

---

\* Hoofopskrifte na die voorbeeld van Botha (1981:121-122)



#### Aard van die eksamen

- Skriftelik, mondeling en prakties.

#### Eksaminatore

- Raad aangestel deur opleidingskomitee, in noue kontak met nasionale sportbeheerliggame.

#### Slaagsyfer

- 75%.

#### Uitslae van eksamen

- Een maand na afloop van die eksamen
- Hereksamens tot een maand nadat uitslae bekend is.

#### Tyd van aanbieding

Sodra opleidingskursus voltooi is.

#### Sertifisering

- Kandidate wat slaag ontvang 'n sertifikaat wat amptelik deur die Regeringsdepartement wat vir Sport verantwoordelik is, die nasionale sportbeheerliggaam, SAVSLOR, die Suid-Afrikaanse vereniging vir sportafrigting en die sportinstitute erken word.

#### Geldigheid

- Die geldigheid van die diploma duur 5 jaar en voor die vervaldatum moet 'n opknappingskursus bygewoon word. So 'n kursus sal die geldigheid telkens met 2 jaar verleng.

## Kursusgeld

- Vooruitbetaalbaar deur kursusgangers of deur die sportbeheerliggaam.

Tydens so 'n kursus moet die volgende sake behandel word:

A. Vakwetenskaplike opleiding	Aantal onderrigeneenhede (verdeel in opleidingstyd)
Sportfilosofie	2
Opvoedkundige beginsels	2
Anatomie-fisiologiese beginsels	4
Sportpsigologie	3
Sportsosiologie	3
Biomeganika	6
Algemene inoefeningsleer	6
Die beginsels van organisasie en administrasie	5
Sportdidaktiek	2
Sportbeserings en rehabilitasie	4
Massering	2
Navorsings- en laboratoriumtegnieke	2
Skryf van verslae	2
B. Sportspesifieke opleiding	
Teorie van besondere sportsoort	6
Besondere metodologie van bepaalde tegnieke	18
Besondere inoefeningsleer	6
Spesifieke fisieke fiksheid	6
Besondere inoefeningsaktiwiteite	6
Die bestudering van buitelandse tendense en tegnieke	3

Met betrekking tot afrigtingservaring, eksamens en praktiese werk geld dieselfde vereistes as by formele opleiding (p. 461)

KONTRAK MET 'N DEELTYDSE AFRIGTER

Die kontrak vir deeltydse afrigting kan byvoorbeeld soos volg wees\*:

Afrigtersooreenkoms

Hierdie ooreenkoms is tussen die \_\_\_\_\_  
soos verteenwoordig deur \_\_\_\_\_

en

Prof., Dr, Mnr, Mev, Mej \_\_\_\_\_ (hierna genoem die  
"afrigter")

as afrigter/ster in die sportsoort -----  
vir die \_\_\_\_\_ span(ne)

1. Die afrigter onderwerp hom aan die etiese kode vir afrigters soos deur die Sportbeheerraad goedgekeur.

1.1 Aangesien deelname aan sport vormingswaarde het ten aansien van die geestelike ontwikkeling van die student moet die Christelike lewens- en wêreld=beskouing soos vervat in die beleid van die Universiteit en wat weerspieël word in die sportbeleid, getrou nagestreef word.

Die afrigter onderneem gevolglik om te alle tye te poog om sy afrigtingsmetodes só aan te wend en sy kennis van die sportsoort so oor te dra dat dit sal meewerk tot die algemene opvoeding van die betrokke student, veral met betrekking tot sy gesindheid teenoor deelname aan sport, sportmangees en spangees.

- 1.2 Die afrigter moet hom onderwerp aan die beheer van die afrigtingskomitee en die Sportburo.
  - 1.3 Die doelstellings van die Sportburo moet positief nagestreef word.
  - 1.4 Lojaliteit teenoor die Sportburo en kollegialiteit teenoor ander afrigters moet gehandhaaf word.
  - 1.5 Die afrigter moet voortdurend poog om in sy optrede teenoor studente etiese beginsels te handhaaf.
  - 1.6 Aangesien die wenmotief eie aan kompetisiesport is, moet die afrigter sy spanne afrig om te wen en te wil wen. Hy onderneem dus om sy volle afrigtings= kundigheid na sy beste wete aan te wend ter verbetering van die betrokke student se kennis, fiksheid en vaardigheid in die betrokke sportsoort.
  - 1.7 Die afrigter onderneem om homself voortdurend te bekwaam en wetenskaplik te verdiep in die kennis van afrigting van die sportsoort en die ontwikkelinge en veranderinge wat in die sportsoort plaasvind.
2. Die afrigter onderneem om op die volgende dae die volgende minimum hoeveelheid tyd aan die afrigting van genoemde sportsoort te bestee.

MAANDAE vir ----- uur

DINSDAE vir ----- uur

WOENSDAE vir ----- uur

DONDERDAE vir ----- uur

VRYDAE vir ----- uur

SATERDAE vir ----- uur

3. Die tye waarop die afrigting tydens elke weersdag sal geskied, is daardie tye wat daarvoor bepaal is.
4. Die Sportburo onderneem om die afrigter te vergoed teen die bedrag van R \_\_\_\_\_ tot die maksimum van R \_\_\_\_\_ vir die \_\_\_\_\_ seisoen wat duur van \_\_\_\_\_ tot \_\_\_\_\_
5. Die Sportburo en die afrigter kom ook hiermee ooreen dat die Distriktshof van Potchefstroom jurisdiksie oor enige geskille uit hierdie ooreenkoms sal uitoefen.
6. Die Sportburo het die reg om voortdurend oor die afrigting en die beplanning van afrigting toesig te hou.

Indien die afrigter volgens die oordeel van die Sportburo op enige tydstip enige van die bepalings van hierdie ooreenkoms nie stiptelik nakom of nagekom het nie, het die Sportburo die bevoegdheid om onmiddellik uit hierdie ooreenkoms terug te tree. Die afrigter sal in so 'n geval enige verskuldigde vergoeding verbeur.

Aldus geteken op die \_\_\_\_\_ dag van \_\_\_\_\_

198 \_\_\_\_\_

---

AFRIGTER

DIE AANSTELLING VAN 'N VOLTYDSE AFRIGTER

In die geval van voltydse professionele afrigting moet die volgende sake by die kontrak ingesluit word:

- diensvoorwaardes;
- aanstellingsbepalings;
- skema vir vergoeding;
- die salarisskaal by aanstelling;
- 'n prestasiebonus; dit kan betrekking hê op die prestasie van topatlete of die deelnamegetalle van gemiddelde atlete;
- die termyn van die aanstelling;
- reëlings in verband met reiskoste;
- reëlings in verband met siekte;
- verlofreëlings;
- uitbetaling van vergoeding in geval van die dood van die afrigter;
- pensioenfonds;
- verhuisingskoste;
- ekstra afrigtingswerk en werkopdragte;
- riglyne rakende stimulasie;
- finale aanstelling na proef tyd;
- toestemming vir die verandering van diensvoorwaardes;
- die verpligtinge van die sportafrigter\*.
- redes vir die moontlike beëindiging van die werksopdrag;
- turmaatreëls;
- die daarstelling van 'n etiese kode\*\*

\* In die daarstelling van die vereistes van die aanstelling moet ook voorsiening gemaak word dat die sportafrigter benewens sy werklike afrigtingsopdragte ook by navorsing, die skryf van artikels en die aanbieding van kursusse betrek word.

\*\* Kyk p. 322.

## ABSTRACT

### A SPORT SCIENTIFIC PERSPECTIVE ON THE PROFESSIONALISATION OF COACHING IN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

#### INTRODUCTION

Sport plays an important role in modern society. Developments in the fields of science and technology influence sport. A modern society without sport is inconceivable. Sports coaching can make an important contribution to the meaningful progress of sport because it is an important component of the development of an participation in sport.

Participation and achievement in sport in South Africa are at present being adversely influenced by certain restraining factors. Coaching, as an important component of sport, is also adversely affected.

#### RESTRICTIONS IN SOUTH AFRICAN SPORT

A certain number of restrictions are being encountered in the following areas:

- It is doubtful whether the full sporting potential of the South African population, regarding the quality and quantity of participation, has been fully developed. Effective guidance must contribute in such a way that the involvement of a large number of sports producers and participants, as well as the financial expenditure on sport is justified.



- Research on sports coaching in South Africa does not comply with the necessary requirements that would enable effective sports training and coaching.
- Ignorance regarding sports coaching has already caused much damage to sport and sports coaching.
